Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 49 | 11 November 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

"Doing your best is more important than being the best."
~Zig Ziglar~

DIE FINALE EKSAMEN BEGIN OOR 4 DAE ....

Om leerders genoegsame tyd vir voorbereiding te gee, sal die hele skool vanaf môre, 12 November 2021, om 12:00 sluit. GEEN leerder mag voor 12:00 afgehaal word nie. Die Naskoolsentrum sal vanaf 12:00 vir Naskoolleerders oop wees.

Let daarop dat addisionele studiesessies, met toesig, by die Naskoolsentrum vanaf 15 November 2021 beskikbaar is.

1ste Sessie	12:45 – 13:30	Verpligtend
2de Sessie	13:45 – 14:30	Opsioneel
3de Sessie	15:15 – 16:00	Opsioneel

Daar sal addisionele toesig tot en met 14:00 elke middag wees, vir leerders wat eers om 14:00 afgehaal kan word.

Punte-verwerking vir die finale verslag: Graad 4 – Graad 7
80% deurlopende assessering
20% eksamen vraestel

Met die eksamen wat voorlê deel ek graag 'n paar praktiese wenke:

RAAD VIR LEERDERS OM KALM TE BLY...

Dit is baie belangrik om onnodige angs en spanning te vermy op die dag van die eksamen. Wanneer jy gespanne word, stuur jou hart meer bloed na jou spiere toe en minder na jou brein, dan kan jy minder helder dink.

- ☆ Sit alles reg die aand voor die eksamen en wees betyds by die skool/eksamenlokaal.
- ☆ Moenie die leerwerk met ander leerders bespreek op die dag van die eksamen nie. Dit lei net tot vrees dat jy nie genoeg geleer het nie.
- ☆ Haal diep asem, selfs voordat die vraestel oopgemaak word. Hoe meer suurstof daar in die bloedstroom is, hoe helderder sal jy kan dink, en hoe makliker sal dit wees om dit wat jy geleer het te herroep.

RAAD OM VRAESTELLE TE BEANTWOORD...

Beplan jou tyd. Trek vyf minute af vir beplanning en om vinnig die vraestel deur te lees, dit sal jou brein voorberei om te begin filtreer deur die feite wat jy geleer het. Deel die oorblywende tyd deur die aantal punte om uit te werk hoeveel tyd daar is vir elke punt. Dit verseker dat jy nie te veel tyd spandeer aan vrae wat nie baie punte tel nie.

Hoe om die vraestel te benader:

- ☆ Beantwoord kort vrae eerste (meervoudige keuse, ontbrekende woorde, ensovoorts).
- ☆ Beantwoord nou die vrae wat een of twee sinne benodig.
- ☆ Laastens, beantwoord die lang vrae. Indien jy jou toegelate tyd oorskry vir 'n vraag, beweeg aan na die volgende vraag. As daar tyd oor is, kan jy teruggaan na die vrae wat nie klaargemaak is nie.
- ☆ Indien jy onseker is oor 'n vraag:
  - ○ Maak 'n merkie daarby en beweeg aan na die volgende vraag. Kom terug na hierdie vraag wanneer jy al die vrae beantwoord het wat jy ken.
  - ○ Haal asem (soos bo beskryf), sodat jy genoeg suurstof na jou brein toe voer en ontspan.
  - ○ Lees die vraag weer deur en probeer antwoord, al is jy onseker. Vertrou jou instink. Dit is beter om te raai en dalk minstens een punt vir jou antwoord te kry, as om dit heeltemal uit te los.
  - ○ Gaan jou vraestel rustig deur wanneer jy klaar is, maak seker al die vrae is beantwoord en geen bladsye is per ongeluk gemis nie, en lees weer vinnig deur jou vrae om seker te maak dit is korrek beantwoord.

KANSE TOT SUKSES:

0%	*Ek sal nie*	*60%*	*Ek kan moontlik*
10%	*Ek kan nie*	*70%*	*Ek dink ek kan*
20%	*Ek weet nie hoe nie*	*80%*	*Ek kan*
30%	*Ek wens ek kon*	*90%*	*Ek is*
40%	*Ek wil*	*100%*	*Ek het*
50%	*Ek dink ek kan moontlik*		

Sterkte aan elkeen, ons weet dit sal goed gaan.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

GRONDSLAGFASE

Skooltye vir die Grondslagfase leerders vanaf 12 November 2021

Let Wel: Die skool sluit vanaf 12 November 2021 vir die Graad 4 tot Graad 6 leerders om 12:00. Ons is dus genoodsaak om die Grondslagfase se tye hiervolgens aan te pas.

Die skool sluit dus as volg:	Graad 1 en Graad 2	Maandae tot Vrydae	11:30
	Graad 3	Maandae tot Vrydae	11:45

INTERSENFASE

Eksamenreëls Graad 4 – Graad 7

- ☆ Elke vraestel sal in die registerklasse geskryf word.
- ☆ Handboeke vir elke vak sal ingeneem word direk nadat die spesifieke vak se vraestel geskryf is.
- ☆ **Indien 'n handboek weg of beskadig is, moet die betrokke leerder R250.00 per boek betaal. Leesboeke se koste, indien dit beskadig of weg is, is R200.00 per boek.**
- ☆ Dit is belangrik dat leerders leerwerk vir die vraestel wat hulle op die dag skryf, moet saambring. Hulle moet ook leerwerk vir die volgende vraestel saambring skool toe.
- ☆ Leerders moet 2 x blou penne, 'n grys potlood, uitveër, liniaal ensovoorts hê.
- ☆ Leerders se skryfbehoeftes moet asseblief in 'n deursigtige houer geplaas word.
- ☆ Geen "*smart*" horlosies mag skool toe gedra word nie.
- ☆ Wiskunde: Passer-stel soos vir spesifieke graad benodig word. GEEN sakrekenaars word vir Wiskunde toegelaat nie.
- ☆ Die skool sal gedurende die eksamen om 12:00 verdaag. Daar sal wel toesig tot 14:00 wees vir leerders wat nie vroeër afgehaal kan word nie.
- ☆ Graad 7-leerders mag slegs na die skryf van hul vraestel, die skool verlaat om by die huis te gaan studeer **indien** die leerder sy/haar toestemmings brief ingedien het.
- ☆ Ons versoek dat geen leerders (behalwe naskoolleerders) na 14:00 op die terrein sal wees nie. Ons vra ouers se samewerking asseblief.

☆ Geen vraestelle mag voor die geskeduleerde datum en tyd geskryf word nie.

☆ Neem kennis dat sport teen 12:00 afgehandel sal wees.

Afwesighede

☆ Indien ‘n leerder afwesig is met die skryf van ‘n vraestel, moet ‘n mediese-sertifikaat by een van die Adjunkhoofde ingehandig word. Die leerders skryf dan die vraestel die dag waarop hy/sy terugkeer skool toe.

☆ Indien ‘n mediese-sertifikaat nie ingehandig word nie, is ons genoodsaak om die leerder se gegewens na die Departement van Onderwys toe deur te gee.

SPORT

ATLETIEK

Aktiwiteitsperiode gedurende assesseringstydperk

Daar sal Maandae tot Donderdae, vanaf 11:00 – 11:45, ‘n aktiwiteitsperiode wees vir die leerders.

Oefening sal plaasvind as volg:

Maandag – Donderdag	Middelafstande & Naellope	Graad 4 – Graad 6 leerders

RUGBY EN NETBAL: FIKSHEIDSOEFENING

Oefentye

Maandae – Donderdae	11:00 – 11:45	Graad 4 – Graad 6 leerders

*** Vir leerders wat nie by die atletiek-oefeninge betrokke is nie.**

TENNIS

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 seuns en dogters)

Dinsdae en Donderdae	06:00 – 07:00

ALGEMEEN

!!! ONTHOU DISNEY DAG !!!

Die skool hou môre, **12 NOVEMBER 2021**, ‘n **OMGEE DAG** vir ons behoeftige koskas. Die tema vir die dag is **DISNEY.**

Leerders kan op dié dag gewone klere dra, verkieslik om ‘n DISNEY KARAKTER uit te beeld, maar dit is nie verpligtend nie.

Die leerders betaal nie om gewone klere te dra nie, maar ons vra dat leerders ‘n donasie, in die vorm van een van die produkte soos hieronder genoem, as “toegangsfooi” sal saambring.

Kerfeestyd is om die draai en ons wil graag die volgende items voorstel vir elke Graad, maar u is welkom om enige ander nie-bederfbare produkte te stuur, soos dit u omstandighede pas.

Gr R - Longlife Melk; Mieliemeel; Koekmeel; Bruismeel
Gr 1 - Broodsmere; Ontbytpap (Pronutro; Corn Flakes; Weetbix, ens).
Gr 2 - Blikkieskos (Tuna; Spaghetti; Corned Beef; Meatballs; Bone; Mielies; Ertjies, ens.)
Gr 3 - Koffie; Suiker; Tee; Rys; Pasta; Souse (bv. Tamatiesous; Blatjang; Mosterd, ens).
Gr 4 - Skoonmaakmiddels (Waspoeier; Jik; Skottelgoedseep; ensovoorts).
Gr 5 - Toiletware (Sjampoe; Tandepasta; Seep; Lyfsproei; Lyfroom, ensovoorts).
Gr 6 - Aanmaakkoeldrank; Jellie; Vla; Blikkies vrugte; Kitspoedings
Gr 7 - Blikkieskos (Tuna; Spaghetti; Corned Beef; Meatballs; Bone; Mielies; Ertjies, ens.)

Dankie dat ons altyd op u positiewe bydrae kan staatmaak en so ons Riebie-gesinne in nood kan ondersteun.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

HUISWERK-TOESIG TYDENS EKSAMEN: GRAAD 4 – GRAAD 7

1ste Sessie	12:45 – 13:30	Verpligtend
2de Sessie	13:45 – 14:30	Opsioneel
3de Sessie	15:15 – 16:00	Opsioneel

Indien leerders nie by die Riebie Rakkers Naskoolsentrum ingeskryf is nie, is ouers welkom om leerders as dagbesoekers na die toesigklas vir studie te stuur. Koste is R50.00 per dag per leerder.

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 15 NOVEMBER 2021 – 19 NOVEMBER 2021

MAANDAG	HOENDER A'LA KING	BROODJIE & SAP
DINSDAG	SPAGETTI BOLOGNAISE	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	CHIP ROLLETJIE	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	HAM EN KAAS TOEBROODJIE	BROODJIE & SAP
VRYDAG	BOEREWORS ROLLETJIE	SKYFIES / SAP & VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***